*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 8 Maart 2026**
**3e Lydenssondag**

**Jesus ly *vir* ons en *met* ons.**

*"Waak saam met My...*
*Waak en bid sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."*
(Matteus 26:38 en 41)

Matteus 26:36-46 beskryf Jesus se lyding in Getsemane buite Jerusalem. Twee keer ontvang die dissipels die opdrag om deel te hê aan Jesus se lyding: v38: "Waak saam met My," en v41: "Waak en bid sodat julle nie in versoeking kom nie." Twee aspekte van Jesus se lyding tree hier na vore.

**Jesus se lyding *vir* ons.** Dit kom veral in v38 aan die orde wanneer Jesus aan sy binnekring-dissipels sê om saam met Hom te waak. Maar dis duidelik dat hulle nie daartoe in staat is nie. Hulle insig in die aard van sy lyding is nog te gebrekkig om mee te leef. Want Jesus worstel hier met die wil van sy Vader, die Goddelike *moet* van sy lyding, soos vroeër reeds aangekondig: Die Seun van die Mens *moet* baie ly (bv Mark 8:31). Jesus weet dat Hy alleen, sonder die dissipels, hierdie lydenspad moet loop. Die Satan probeer hier nog 'n laaste keer om Jesus te laat afsien van sy lydensweg, maar Jesus weer die versoeking af en aanvaar die wil van sy Vader. Hierdie lyding *moet* Hy ondergaan, anders kan God se heilsplan vir die mens nie realiseer nie. Net Jesus kan dit bewerk; hierdie lyding is sy alleenpad, vir en namens ons. Die enigste "bystand" wat die dissipels – en ons – kan verleen is om hierdie lyding-in-ons-plek in die geloof toe te eien, as vrye geskenk. Dít is die goeie nuus.

**Jesus se lyding *met* ons.** Ons meelewing met Jesus se lyding word egter wel ons deel wanneer Hy in v41 die opdrag gee dat ons moet waak en bid sodat ons nie in versoeking kom nie. Want die leerling is nie groter as die Leermeester nie. As Hy gely het, sal ons ook ly – onder onreg, geweld, haat en die aanslae van die bose. Ons durf nie voortslaap en maak asof dit ons nie raak nie. Hierdie lyding bly 'n daaglikse stryd; dis ons roeping in die wêreld. Daarom moet ons waak en bid. Dis ons enigste wapen. Maar ook hierin het Jesus ons voorgegaan. In stille vertroue op sy Vader het Hy as die Groot Regverdige die pad van alle regverdiges voor Hom geloop – om te bly worstel met die wil van sy Vader. Nie in wanhoop asof dit 'n verlore stryd is nie, maar in vertroue dat sy Vader se wil ook syne is. So is Jesus God-met-ons in ons stryd. Inderdaad, Hy ly – en oorwin – saam met ons.

**HCvZ**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur prof. Hermie van Zyl en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; gesinsdiens in die saal deur prof. Jan-Albert van den Berg en oudl. Matildie Wium; die Nagmaalsdiens by Siësta gelei deur ds. Janke Hurter en Tannie Magdaleen Venter. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is Bybels en Liedboeke op die tafel; neem gerus en deel in ons liturgie.

## LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Votum**

**Seëngroet**

| | |
|---|---|
| **Loflied:** | "Die Godsstad is onwankelbaar" (Psalm 46:2 en 3) |
| **Wet van die Here:** | Deuteronomium 6:4-9 en Levitikus 19:17-18, 34 |
| **Verootmoediging:** | "Troue Here van my lewe" (Lied 241:1) |
| **As Geloofsbelydenis:** | "Ek glo in God, die Vader" (Lied 261:1, 2 en 3) |
| **Gebed** | |
| **Gebedslied:** | "Woord van God, Woord van die lewe" (Lied 255:1) |
| **Skriflesing:** | Matteus 26:36-46 |
| **Woordbediening:** | Jesus *ly* vir ons en *met* ons... |
| **Dankgebed** | |
| **Dankoffers** | |
| **Slotlied:** | "Jesus, al u angs en smeking" (Lied 393:2 en 4) |

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Mrt | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Geloof en gebed in Maart 2026 – tussen Purim en profesie; Numeri 23, Deuteronomium 25 en Ester 4; Jerusalem en Susa...* |
| Donderdag, 12 Mrt. | 11:00 – Ds. Jan Lubbe (Siësta Biduur). |
| Sondag, 15 Mrt | 09:30 – Ds. Gavern Cloete (VGK Heidedal); gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Paassangdiens... |

### BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand- (19:00) en Donderdagoggend (09:10) Bybelstudiegroepe o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – V (1997-2006)."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 078 894 9166.

Ds. Jan Lubbe lei vanoggend 'n erediens in die gemeente Kroonstad Noordheuwel.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

08 Mrt. Caitlyn Richards, Ruben de Wet, Ezette Fouché, Erik Morrison, Marius Slabbert en Wiehan van Staden
09 Mrt. Sakkie van Zyl.
10 Mrt. Marko Botha en Charlotte Horak.
11 Mrt. Mari Botha, Leona Geldenhuys, Andries Miennie, Elsa Pienaar en Zelda Pretorius.
12 Mrt. Louise Botha, Marina Coetzer, Jamie Faber, Eckhardt Kühn, Jani Meintjies en Carla Scholtz.
13 Mrt. Chenelle Joubert, Lize Muller en Rita van Zyl.
14 Mrt. Henco Potgieter, Liz Jansen v Vuuren, Ben Scholtz en Biance Streicher.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (Ladysmithsingel 16, wyk 4b); Oom Koos Steyn (Santé 123, wyk 18b); Louise Cilliers (Bewarea 57, wyk 8c); Tannie Trudie Roode (Serenicare, wyk 15); Mari Smit (Serenitas 105, Wyk 15); Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a) en Tony O'Reilley (Bayswater). Ons dink ook aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun, o.a. aan Oom Johan en Tannie Stella van Staden, en aan Louise Botha – in beide hierdie families is daar 'n seun verlam en wat van sorg afhanklik is.

*Ons bid in besonder vir die Marais-gesin – ds. Johan en Lienkie-hulle – en hul breër familie hier in ons gemeente; sy begin hierdie week met behandeling. Ds. Johan is nog met verlof tot latere kennisgewing.*

Sterkte aan al ons kinders en studente wat met toetsreekse en eksamens begin het – die kwartaal het behoorlik verbygevlieg! Ons bid vir julle kalmte, krag en helder denke toe.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

## KERKRAADSAKE

**Verkiesing van Kerkraadslede:**
Tydens ons vergadering afgelope Sondag, het die Kerkraad die volgende lidmate verkies –

**As ouderlinge:** Naas van Wyk (wyk 19); Jaco de Jager (wyk 20)
**As diaken:** Jan-Hendrik Scholtz (wyk 6)

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Maart**
**Wyke 8** (blok noord van Emily Hobhouse), **9** (blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (blok suidwes van Johieshof) is in Maart aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Seniors se Herfstee:** Sien jul graag Woensdagoggend, 11 Maart om 09:30 in die kerksaal...

## JEUGBEDIENING




Ons gewilde **Jongspankamp** vind weer plaas komende Vrydag en Saterdag, 13 & 14 Maart; ons nooi alle kleuters (voorskools) en kinders tot Graad 4 uit om saam te kom kamp, hier by die kerk, dis vet pret!
Bespreek by die kerkkantoor vóór Woensdag, 11 Maart 2026 (w/a na 073 180 3193).
Ons kort ook nog ekstra hande om te kom help – gee asb. jou naam deur na die kantoor, dankie!

**Paasmark – Sondag 22 Maart**
Ons nooi nou reeds alle lidmate uit om op Sondagoggend, 22 Maart direk ná die gesamentlike erediens in die binnehof te kom kuier: Ons katkisante in hul groepe, bied elk 'n tafel met eetgoed of klein geskenkies vir die Paastyd te kope aan (fondse gaan vir Jeugbediening), en die Koragiete se Koffiehuis sorg ook weer vir sout of soet saam met heerlike koffie/tee (donasies daar gaan weer vir die Orrelfonds) – kom ons sluit die kwartaal so saam af.

**Diensverhoudinge en Personeel:**
Die volgende hulp word benodig of poste beskikbaar – indien jy meer besonderhede verlang of wil aanmeld, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193) of oudl. Seef Hefer (082 653 5353):

- **Klank- en projeksie, en klavierbegeleiding by Gesinsdienste Sondae:** Ons kort een of twee vrywilligers wat beurte kan neem en in die saal kan help...
- **Hulpkoster:** Hierdie is 'n deeltydse pos (hoofsaaklik Woensdagmiddae en -aande, en een Sondag per maand...
- **Vrywilliger in Finanskomitee Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Iemand met finanskennis en beskikbaar vir een vergadering per kwartaal...

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 8 Maart: **ENGO Maatskaplike Dienste.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

## LYDENSTYD EN PASE 2026

Ons nooi alle lidmate uit om vanjaar se Lydenstyd & Pase met ons in Berg-en-Dal deur te bring – dit is 'n tyd (saam met die herfs) van na binne keer, stilword, luister, lees en oordink, mooi musiek en simboliek:

**Palmsondag:** 29 Maart – *Oggenddiens* (09:30)
**Groot Lydensweek:** 30 Maart tot 2 April – *Oggendwydings* (07:00-07:30)
**Witte Donderdag:** 2 April – *Aandnagmaal en Paaswaak* (18:00)
**Goeie Vrydag:** 3 April – *Wydingsdiens* (09:00)
**Paassondag:** 5 April – *Opstandingserediens* (09:30)